

Orkaan Zuma tref JSE

Suid-Afrika se beleggingsopbrengste word vernietig deur ’n dekade van ekonomiese wanbestuur, ’n ineenstorting van reg en orde en die grootskaalse plundering van die staatskas, skryf **Magnus Heystek**.

Heel laaste. Oor ’n maand, ses maande, ’n jaar, drie jaar en selfs vyf jaar. In rand en Amerikaanse dollar. Teen die ontwikkelde wêreld en nou ook teen opkomende markte. Kies maar; dit maak nie saak nie. Hierdie is die huidige feite oor die opbrengs van die JSE vergeleke met groot beleggingsgroeperings waarmee ons onself graag wil vergelyk. Kom ek herhaal dit: Heel laaste! Kyk na die tabel hiernaas en besluit self of hierdie net klik-aas of finansiële pornografie is. Hierdie opbrengste is in rand, maar die opbrengs in Amerikaanse dollar lewer presies dieselfde resultaat. Heel laaste oor ieder en elke beleggingstypperk. Hierdie artikel is nie bedoel om strelend of prikkelend te wees nie, maar om die feite te verskaf oor jou geld en jou toekomstige geld. En moet asseblief nie sê jy is nie gewaarsku nie.

Die feite spreek vanself. Wat ons hier sien en ervaar, is die ware finansiële koste van Orkaan Jacob en sy trawante in die ANC op ieder en elke Suid-Afrikaner wie se geld in beleggings op die JSE vasgeknoop is. Die rykes word ook geraak, maar kan ten minste sommige van hul bates deur middel van buitelandse beleggings eksternaliseer. Dis die middelklas en veral arm mense wat nie hierdie luukse het nie. Die grootste deel van hul persoonlike welvaart is vasgeknoop in aftreefondse wat aan die JSE gekoppel is, met ’n toegewing om slegs 25% van hul bates te eksternaliseer. Ons aanskou ’n stadige en meedoënlose ineenstorting van ons relatiewe beleggingsprestasie, baie soortgelyk aan die ineenstorting van die standaard van ons nasionale rugbyspan. Ons relatiewe (en reële) beleggingsopbrengste word vernietig deur ’n dekade van ekonomiese wanbestuur, ’n ineenstorting van reg en orde en die grootskaalse plundering van die staatskas.

Wat hierdie tragedie vererger, is dat die meeste beleggers salig onbewus is van wat aan hulle en hul toekomstige welvaart gedoen word. Hulle weet of verstaan eenvoudig nie hoe nypend die situasie is nie. Ek ontvang bykans daaglik ’n e-pos van my bank wat my aanpor om aandele op die JSE deur sy beleggingsplatform te koop. Die jongste een lui dat ek bloot geld hoef in te betaal en die aandele sal deur ’n span kundiges gekoop en verkoop word. Die enigste probleem is dat die

SA verloor teen res van die wêreld					
INDEKS	1 MAAND	6 MAANDE	1 JAAR	3 JAAR	5 JAAR
JSE se indeks vir alle aandele	1,2	7,7	10,6	5,6	12,1
MSCI se indeks vir Asië en Japan	5,9	23,9	19,4	14,7	19,4
MSCI se wêreldindeks	4,1	14	12,7	13,8	21,5
MSCI se Europese indeks	4,5	19,5	16,4	10,1	19
S&P 500 (VSA)	4	10,9	11,1	16.9	25,2
MSCI se indeks vir ontluikende marke	5,9	22,4	19,9	11,2	15,4

Grafika24

JSE tans die swakste van enige groot aandelebeurs ter wêreld vaar. Oeps. Dis soos die Ford-motormaat-skappy wat ’n spesiale aanbieding op sy Kuga-model adverteer. Het hulle genoem dat die motors sonder die geringste aanleiding soort van aan die brand raak? Aah, sal hulle sê: “Maar het die JSE nie die afgelope 100 jaar beter as enige ander aandelebeurs presteer nie?”* Jy sou netsowel kon sê die Springbokke is die beste rugbyspan ter wêreld omdat hulle die Wêreldbeker in 1995 en 2007 verower het. Volgens Rand Aksepbank het Egipte Suid-Afrika nou verbygesteek as die beleggingsbestemming van keuse in Afrika – nog ’n teken van ons relatiewe agteruitgang in die oë van die wêreld. Ek het etlike jare gelede ’n beleggingspraatjie bygewoon van wyle dr. Simon Marais, destyds voorsitter van die Allan Gray-beleggingsbestuurders en een van die suksesvolste beleggingsfondsbestuurders tot nog toe in Suid-Afrika. Toe hy gevra is waarna hy (wêreldwyd) as die belangrikste vereiste vir langtermynbeleggingsukses kyk, was sy antwoord: “Reg en orde.” Nie opbrengs op aandele, aandeleboekwaarde, kontantvloei of enige ander finansiële ratio wat fondsbestuurders gewoonlik gebruik nie. Net reg en orde. Ek kan daarby voeg goeie bestuur, hetsy staats- of korporatiewe bestuur. Jy kan nie verwag dat die private sektor, veral maatskappye wat

op die JSE genoteer is, in so ’n omgewing sal floreer en, soos sommige mense dink, inkomste en dividende sal lewer wat inflasie sal klop nie. Genoteerde maatskappye funksioneer, in ’n groter mate as private maatskappye, in ’n toenevend toksiese sakeomgewing. Jaarverslae en finansiële verklaarings van talle maatskappye benadruk die erns van die situasie. Sakevertroue is tans op vlakke wat ons laas in 1985 gesien het, toe PW Botha besig was om die land te vernietig. Die aanstelling tien jaar gelede van Jacob Zuma as president van die ANC en die land was niks minder nie as rampspoedig. Daar bestaan geen twyfel meer nie oor die pad waarop ons land is. Aanvanklik, in die Mandela-tydperk, was daar ’n bestendige kans dat Suid-Afrika op die morele hoë grond was, soos in die vooruitsig gestel deur die scenariobeplanner Clem Sunter. Pleks daarvan is ons beslis op die morele lae grond, wat gekenmerk word deur toenemende werkloosheid, plundering van die staatskas, misdaad en maatskaplike onrus en ’n ineenstorting van infrastruktuur (water, sanitasie, paaie en elektrisiteit) in groot dele van ons land. Ek reis dikwels na kleiner stede en groter dorpieë vir vergaderings met sakelui en boere om eerstehands te verneem oor die toestande waarin hulle hul ondernemings bestuur. Ons ekonomiese groeikoers was

in dié tydperk (2007-’17) bykans twee persentasiepunte laer as die langtermyn gemiddelde. Dit het, benewens die vanselfsprekende verlies aan potensieële indiensneming vir ’n land met ’n groeiende bevolking, ook ’n stelselmatige verswakking meegebring van die sleutelnasionale finansiële maatstawwe, soos skuld tot BBP, die koste van rente, asook belastingveerkrag. Die gevolge van tien jaar van ekonomiese sabotasie en rampspoedige ekonomiese beleide speel nou voor ons oë af. Die ineenstorting van belastinginsameling – ’n begrotingstekort van tussen R40 miljard en R50 miljard in die huidige boekjaar – is bloot oppervlakkige tekens van die verrotting wat ingetree het. Die volgende staatskaping-teiken in sy brutaalste vorm is die duisendmiljarde wat deur die Openbare Beleggingskorporasie bestuur word namens sy kliënte, hoofsaaklik die Staatsdienspensioenfonds (GEPF). En ek is oortuig private pensioenfondse gaan daarna volg. Soos Jesse James, berugte bankrover van die Amerikaanse Wilde Weste, eens geantwoord het toe hy gevra is hoekom hy banke beroof: “Want dit is waar die geld is.” Suid-Afrika se maklike geld het opgeraak. Die maklike geld was die jaarlikse styging in belastinginvordering, wat altyd gelyk het of dit gelykstaande aan begrotingsyfers was of dit selfs oorskry het. Dit is verby. Die globale kommoditeitsiklus – wat van 2002 tot 2008 wonderlike winste vir ons myne opgelewer het, is ook verby, dalk ’n

baie lang tyd. Die tesourie én private sektor-ekonome was die laaste paar jaar ooroptimisties oor ekonomiese groeikoerse. Aanvanklike voorspellings word elke jaar verwater soos die jaar ontvou. Vanjaar se raming in Februarie van 1,3%-groei is feitlik onmiddellik gehalveer deur die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), die Wêreldbank, Goldman Sachs en bykans enigeen wat ’n bietjie dieper in die syfers delf. ’n Groeikoers van enigiets tussen 0% en 0,6% lyk moontlik vir die huidige boekjaar. Wat dit ook al is, sal dit steeds ’n skerp afname in die BBP per capita vir die land as geheel beteken. Met ander woorde, die land word armer. Sou ek verkies om oor dié ontvouende gebeure stil te bly? Vir seker! Maar sal jy dit verkies, liewe leser? ’n Bemerkingsgedrewe, gesanteerde weergawe of ’n brutaal eerlike assessering van die ontvouende finansiële ramp wat deur Orkaan Zuma veroorsaak word? * *n Onlangse studie deur Credit Suisse het bevind die JSE het die afgelope 100 jaar beter as enige ander aandelebeurs presteer.*



Heystek is ’n beleggingstrateeg by Brenthurst Wealth. Hy kan by magnus@heystek.co.za gekontak word. Dié artikel het op Moneyweb verskyn.